

Rugby-Bulletjies sê dankie

Vrydagaand, 3 Mei het 'n klomp o/6 en o/7 bulletjies trots saam hulle pa's die Bulletjie-dankie-sê-aand bygewoon by Hoërskool Heilbron.

'n Motiverings spreker, Fanie de Villiers het die aand bygewoon en die pa's ingelig

hoe hulle hul kinders se talente kan motiveer en ontwikkel. De Villiers is 'n bekende Suid-Afrikaanse krieketspeler wat gedurende 1992 en 1998 vir Suid-Afrika toetse gespeel het.

Die doel van hierdie geleentheid was om

bietjie terug te gee aan die bulletjie-rugby se borge. "Ons vat nie net altyd nie, maar gee ook weer terug", noem een van die pa's. Daar was lekker skaap op die spit gebraai en dit is saam met smullekker bykosse geniet.

Aan die einde van die aand het die klomp

bulletjies trots op die verhoog gestaan toe hulle hul waterbottels, truië en broeke van die betrokke borge ontvang het. Die bulletjies is nou reg vir die rugbyseisoen en sien uit om 'n klomp drie'e te druk.



Op die foto bo verskyn die o/6 en o/7 bulletjies met hul waterbottels wat geborg is deur Pakworks. Voor: Moolman Victor, Johan Brits, Stiaan Boshoff, Phillip Kotze, Pieter Greeff, Jayden Rochat, Mack Mouton en Gerhard Underhay. Middel: Rudi Jonker, Jurie Jonker, Christan van Dyk, Antonie Mouton, FC Lourens, Tristan Swanepoel, Luan Bornman en Aiden Hayward. Agter: Nikolaas (Brood) Brits (afripter), Pieter Underhay (afripter), Fanie de Villiers, Shaun Hayward (borg) en Jurie Jonker (afripter).



Op die foto bo verskyn die o/6 en o/7 bulletjies met hul truië wat geborg is deur Triple Voere. Voor: FC Lourens, Phillip Kotze, Jayden Rochat, Pieter Greeff, Moolman Victor, Johan Brits, Gerhard Underhay en Jurie Jonker. Middel: Stiaan Boshoff, Antonie Mouton, Christan van Dyk, Rudi Jonker, Luan Bornman, Tristan Swanepoel, Mack Mouton en Aiden Hayward. Agter: Nicolaas (Brood) Brits (afripter), Pieter Underhay (afripter), Tiaan Jacobs (borg), Fanie de Villiers en Jurie Jonker (afripter).



Op die foto bo verskyn die o/6 en o/7 bulletjies met hul broeke wat geborg is deur Excelsus. Voor: Jurie Jonker, Pieter Greeff, Jayden Rochat, Moolman Victor, Johan Brits, FC Lourens, Phillip Kotze en Gerhard Underhay. Middel: Stiaan Boshoff, Christan van Dyk, Antonie Mouton, Tristan Swanepoel, Mack Mouton, Rudi Jonker, Aiden Hayward en Luan Bornman. Agter: Pieter Underhay (afripter), Nicolaas (Brood) Brits (afripter), Jurie Jonker (afripter) en Fanie de Villiers.



Op die foto vl Jimmy de Villiers-Smith (SPAR Heilbron) en Fanie de Villiers.

Tannie Hanna 100-jaar jonk



Geliefde inwoner van Huis Bronvan-Heil, Tannie Johanna Botha het op 9 Mei 2019 100 jaar oud geword.

Personeel ken haar as die saggeaarde tannie, wat nooit vir pynpille vra of kla nie, wat baie liefde vir haar medemens het en 'n baie sterk geloof in die Skepper. Sy sê altyd dat alles goed gaan deur Sy genade. Hoewel haar sig en gehoor nou drasties afgeneem het, is sy steeds bekend vir talle skilderye uit haar kunstige kwas. Sy het klasse geneem in skilderkuns en blommerangskik in die sewentiger-jare. Van haar skilderwerk pryk in menige huise. Met haar aanleg het sy talle bruidsruiers gemaak en onthale, veral in Koppies, met massas blomme opgetooi.

Tannie Hanna was 'n voorslag in die kombuis. Talle jongmense het spesiaal van die geregte soos sjokoladekoek en sagopoeding en selfs vleispasteitjies gevries!

Met hierdie mooi geaardheid en 'n hart vol liefde, sorg Tannie Hanna vir 'n spesiale plek in menige harte - so getuig haar familie en spesiale vriende.

HOËRSKOOI HEILBRON, KWARTAALPROGRAM

10 Mei
Sek. Tennis

14 Mei
Sek. Hokkie: Suiderlig (tuis)
Prim. Netbal: AJ Jacobos (weg)

16 Mei
Sek. Netbal: Vaalpark (weg)
Sek. Rugby: Vaalpark (weg)
Sek. ATKV Redenaars (Kroonheuwel)

17 Mei
Prim. ATKV Redenaars (Kroonheuwel)

21 Mei
Sek. hokkie: H/S Riverside (weg)

23 Mei
Sek. Netbal: Rondomtalie
Prim. Netbal: Lumiere (weg)
Sek. Rugby: Phoenix (weg)
Sek. Hokkie: Sun Crest (tuis)

25 Mei
Hoërskool Heilbron Wintersportdag

27 Mei
Sek. Netbal: Liga Finale (SHS)

29 Mei
Sek. Hokkie: Vanderbijlpark (weg)